# Die Rietfluit




*Rietfluit familiebrief November / Desember 2005*

## Kersseënwens van Pastorie-gesinne

*Mag die Here opnuut u harte vervul
met Sy Gees en in hierdie dae
aan u 'n ware Christusfees skenk.*



*Dankie vir u omgee-liefde gedurende 2005!*
***Geseënde Christusfees!***

*Mag u in 2006 dankbaar juig oor die Here wat u Herder is en mag u biddend buig voor Hom wat u Wysheid is.*



*U wat as Hemelkoning
in heerlikheid regeer,
maak onder mense woning;
daal as 'n dienskneg neer –
en herders vind 'n Herder
oor wie hul dankbaar juig;
en wyses vind dié Wysheid
voor wie hul biddend buig* (Lied 352 vers 2)



## 2005 Jeugjaar



*Onthou dat vir ons as kinders van die Here is Kersfees 'n ware Christusfees en het die volgende seënname betekenis:*
*Jesus:* *ons sondes is vergewe*
*Christus:* *is ons Koning wat ons verseker van 'n heerlike toekoms by Hom*
*Immanuel:* *beteken dat God nou en altyd by ons is!*



# Oase vir Ouers



**Maak ons ons kinders groot as *grypers* of *gewers* ?**


'n Gewer is iemand wat geleentheid soek om aan ander te gee en goed te doen. 'n Gryper is iemand wat op die uitkyk is vir geleenthede om vir homself iets in te palm. Soos watter een maak jy jou kind groot ?

Vrygewigheid is nie iets wat suinige mense hul kinders kan leer nie. Kinders doen wat hulle hul ouers sien doen. Ouers wat graag gee vir mense in nood kan dit nie wegsteek nie. Dit is ook aansteeklik ! Jou kinders sal ook 'n oop hart en hand –soos jy- vir ander hê.

Leer jou kind ook hierdie kerstyd dat dit saliger is om te gee as om te ontvang. Wat daarvan om saam met jou kinders iemand te identifiseer vir wie julle as gesin hierdie kerstyd kan gee ?

Maak seker dat jou kind nie net 'n spaarbussie en 'n spandeerbussie het nie, maar ook 'n liefdesbussie. Hierin kom gelde vir ander in nood. Jou kind se twee vissies en vyf brode kan 'n verskil maak en fees bring in die lewe van ten minste een ander mens!

*Geniet die feestyd deur vir ander te gee!*
Ds Leon van Heerden





**Doopdag : 20 November 2006**

*Joslin Barnard gebore op 13/05/2005*
*Ouers: Wimpie en Judie*

*Isané Carma Bezuidenhout gebore op 27/05/2005*
*Ouers: Morné en Isabel*

---



## DIENS VAN BARMHARTIGHEID

*Brood vir Nood: Wees die hande en vingers van Jesus in hierdie wêreld*

*Matt 15:29 – 31: "…Hy het hulle gesond gemaak, sodat die menigde hulle verwonder het toe hulle sien dat stommes praat, gebreklikes herstel is, verlamdes loop en blindes sien…"(vers 31)*

*Markus 7: 31 – 37 : "…Toe het Hy sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer…..en gesê: Gaan oop"" (vers 34)." "Hulle is geweldig aangegryp en het gesê: 'Alles wat Hy doen, is goed: die dowes laat Hy hoor en die stommes laat Hy praat'"(vers 37).*

Maar wat van hier en nou? Moet ons die blindes en dowes maar troos met die wete dat daar eendag `n hemel wag? Dis nie wat Jesus doen nie. In bostaande Bybelgedeeltes sien ons: Hy reik uit na hulle, hy raak hulle aan, hy draai hul situasie om, Hy maak `n verskil in hul lewens! En die gevolg? God word geprys!

Ná Jesus se hemelvaart gebruik Hy sy kerk, sy kinders (dus vir u en my) om `n verskil in ander mense se lewens te maak. *Ons moet die hande en vingers van Jesus in hierdie wêreld wees!*

*Brood vir Nood wil werklik 'n verskil maak in elke mens se lewe wat ons pad mag kruis.*
*Mag elkeen in hierdie Kerstyd ook hierdie visie uitleef in ons uitreik ná en hulpverlening aan "verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes en nog baie ander" (Matt 15:30). Sodat hulle verwonderd sal wees en God sal prys! (Matt 15:31).*


**Jakaranda Kinderhuis – Huis 4**
Daar word vanjaar soos in die verlede weer 'n spesiale offergawe tydens die Kersdiens opgeneem vir Huis 4. Ons vra dat u weer soos in die verlede 'n bydrae sal maak.

**Siekesorg**
Die komitee vra of daar nie lede in die gemeente is wat betrokke wil raak om siekes tuis te besoek nie. Indien daar van u is wat daartoe geroep voel kan u vir Pierre malan (331 3119) kontak vir verdere besonderhede.

***Feeswense***
***Hiermee wil die komitee van Diens van Barmhatigheid u en u familie 'n vreugdevolle Kersgety toewens. Mag u die liefdevolle nabyheid van ons Vader beleef en die nuwe jaar vir u net vreugde, voorspoed en geluk inhou.***




Mag liefde vreugde en seën deel wees van hierdie Kersfeestyd



*Gebed met Kersfees*
*Dankie Here, dat U ons so liefgehad het*
*Dat U op so 'n praktiese wyse, duidelike en spesifieke wyse gekom het.*
*Dankie dat U die taal gevind het wat almal kan verstaan;*
*En dankie, vir die ontroerende nederigheid wat die grondslag van u majesteit is.*
*Dit is waarom elke knie voor die Naam van Jesus sal buig.*

Dankie sê woorde saam met die 10de Maand-dankoffers



"Ek dank God vir beterskap met my rug, 'n wonderlike gemeente, my kind wat haar hart vir die Here gegee het en die reën."

*"Ons dank aan die Hemelse Vader vir goeie gesondheid die afgelope jaar, ten spyte van die aftakeling van hoë ouderdom. Dat ons brein nog helder kon funksioneer en geheue nie agteruit gegaan het nie. Dat ons nog in ons mooi land ons geloof sonder belemmering kan uitleef!"*

"Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, en wat ek ontvang het is vir my mooi."



"Ek is baie DANKBAAR vir wat die Here vir my beteken het. die afgelope tyd tydens my operasie en die herstel – sonder Hom sou dit nie vir my moontlik gewees het nie. Baie dankie." - ***Anna du Piesanie***

*"Ek dank God vir liefde, gesondheid, dat U elkeen omvou, baie dinge het in 2005 gebeur, maar U vat ons hand en lei ons deur."*

"Ek dank God vir die feit dat ook ons kinders van Hom is, en dat ek in staat is om vir my familie te sorg."

"Ek dank God vir al Sy liefde, genade, barmhartigheid en vrede wat Hy my so goedgunstiglik skenk ten spyte van my tekortkominge en ongehoorsaamheid aan Hom, my Hemelse Vader. Hy hou my veilig in Sy hand vas. Baie, baie dankie Vader!"

"Ek dank God vir die reën, vir vergiffenis, vir Sy genade."

***"Ek dank God vir al Sy liefde wat ons elke dag so onverdiend ontvang in die vorm van gesondheid, vreugde en 'n besonderse geestelike tuiste - Rietfontein-Suid gemeente.***

"Ek is so dankbaar vir al die genade en liefde en sorg wat die Here aan my geskenk het hierdie jaar. Ag, ek sien so uit na Sy wederkoms sodat ek Hom van aangesig tot aangesig kan sien en Hom kan vertel hoe lief ek Hom het."
"Dankie aan die Here, ds. En die gemeente wat vir ons gebid en bygestaan het met die steel van ons motor (13 Sept) en dat ons weer 'n ander motor gekry het. Nogmaals dankie (Die Here sorg vir sy Kinders)" – ***Chris en Karine Venter***



"Ons hele gesin loof en prys die Here!! Nog 'n jaar gespaar tesaam. Almal verkeer in goeie gesondheid. Loof die Here daarvoor!! Ons het soveel seëninge dat ons Hom nie genoeg kan loof en prys nie. Alle dank aan Hom. Ons is só dankbaar dat ons Hom kan ken en vertrou met al ons probleme. Alle eer aan Hom wat Sy lewe vir ons opgeoffer het. Prys Hom en loof Hom! "***Ek en my gesin,*** ons sal die Here dien" – *'n dankbare gesin*

"Ek dank God vir my gesondheid en Sy troos. Die jaar het vir my sleg begin: ek was gehospitaliseer met hartprobleme, my metgesel is my ontneem; maar 'n 2de lewe is my geskenk (2 Kon 20:5c + 6a) : ...en Hy was elke dag daar vir my tot Sy eer. Loof die Here want aan Sy liefde is daar geen einde nie" - Leslie



*"Ons dank God vir Sy onuitspreeklike liefde, genade en geduld met ons. Ook dat Hy vir my (Magdalena) genesing skenk en baie geduld gee na my onlangse voetoperasie"* – *Pieter en Magdalena van Niekerk*

"Ek dank God vir 'n mooi uitslag met my operasie wat daarop dui dat die kanker nog in remissie is. Dankie vir goeie gesondheid" – *Susan Coetzee*

"Ek dank God vir goedheid en genade, gesondheid en krag om nog te kan werk en vir guns in Sy oë."

*"Ek dank God vir ons seun wat lewend uit sy ongeluk gekom het en sy regterhand begin beweeg - 'n groot wonderwerk. Dankie Here"* – Henry Barnes

"My dank en aanbidding aan ons Almagtige God vir die voorreg om Hom saam met my lewensmaat te dien, vir voorregte en sovele seën uit Sy Hand"



**Die Heiland is gebore in stille Betlehem – en wyse manne van die peinsende Ooste, nederige Herders en almal wat die nuus ontvang het, het gekniel voor die Kind wat die antwoord op hul vrae sou wees -**
**En nou,**
**Nou kom al God se kinders met toewyding,**
**in hul gedagtes hier bymekaar om te kyk na die Kindjie.**
**En ek is vandag een met hulle.**

Vrouebediening

Deur die inisiatief van Brenda Barnard, Lettie van Biljon en gewillige hande het daar vanjaar vele veranderings plaasgevind. Dis nie net die damesbadkamer en saalvoorportaal wat 'n gedaantewisseling ondergaan het nie, maar vroueharte en hande staan veral nou stewig saam om 'n verskil te maak vir mekaar, die gemeente en die estetiese!!

Met 'n pragkaartjie is elkeen wat finansieel en andersins 'n bydrae maak tot die Vrouebediening na die 15 November-funksie uitgenooi. Dis nou 'n afsluiting met 'n besondere kleur, geur en klank. Ja, letterlik iets van alles – van 'n besondere verwelkoming met 'n "jy maak 'n verskil – geskenkie, Sherrie vir die ekstra kultuur en die welluidende stem van Vicky-Ann Serfontein tot 'n heerlike kuier om die tafels gepak met Lettie van Biljon se smaaklike spyskaart. Vicky-Ann Serfontein se getuienis en sangbediening het 'n besondere impak op die vrouegehoor gelaat, want haar stem getuig dat haar hart aan Christus behoort!!

Dankie aan elkeen wat hierdie bloedrooi kersie vreugdevol op die jaar se arbeid kom plaas het, want elkeen het by hernuwing geweet: ek kan 'n verskil maak!!!!

*Kersversierings en die geklank van kersmusiek herinner*
*elkeen deeglik aan die tyd van die jaar –*
*dis adventtyd in die jaar 2005!*

*Die jaar het voortgespoed en met die draai van nog 'n jaar, is vele nuwe ervarings nou net herinneringe van die jaar. Die wens van Die *__Rietfluit Redaksie__* is dat die vreugdes en hartseer van die afgelope jaar trapstene na geluk en voorspoed in die komende jare sal wees.*

